# KINDER-
# Sendinglesse



2020 • KWARTAAL 4 • SUIDER ASIË DIVISIE



AdventistMission.org

# Inhoud

**Op die Buiteblad:** Anusha Nagappa, 'n veertienjarige student by 'n Adventiste kosskool in Indië, bid dat haar Vader sal ophou om haar te slaan omdat sy Sabbat hou. Storie, bladsy 10.


NOORDWESTELIKE INDIË

4 Haal Maklik Asem | *3 Okt.*
6 'n Sara in Indië | *10 Okt.*
8 Hardloop vir die Trein! | *17 Okt.*

SUID-SENTRAAL INDIË

10 Geslaan oor die Sabbat | *24 Okt.*
12 Weiering van Klipafgode | *31 Okt.*
14 Aanbiddingsondeundheid | *7 Nov.*
16 Ouma Vind Haar Stem | *14 Nov.*
18 Verbaasde Dokter | *21 Nov.*
20 Geen Tyd vir Videospeletjies | *28 Nov.*

SENTRAAL INDIË

22 God Is My Onderwyser | *5 Des.*
24 Gewas Verander Harte | *12 Des.*

NOOORD-OOSTELIKE INDIË

26 'n Soet Pyn | *19 Des.*
13 28 Breek 'n Slegte Gewoonte | *26 Des.*
30 Toekomstige Dertiende Sabbat Projekte
31 Addisionele Aktiwiteite
35 Leier se Hulpbronne
36 Kaart


# U Offergawes aangewend






Drie jaar gelede, het die Dertiende Sabbat Offergawe gehelp om koshuise vir seuns en dogters te bou by Nagaland Adventisteskool in Dimapur, Nagaland staat. U kan stories lees van Dimapur op bladsye 26-30 en die foto's hierbo en ander aflaai op ons Facebook bladsy by: bit.ly/fb-2mq.

SEVENTH-DAY ADVENTIST CHURCH®


©2020 Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste*. Alle regte voorbehou


12501 Old Columbia Pike,
Silver Spring, MD 20904-6601
1-800-648-5824 • AdventistMission.org

# Beste Sabbatskoolleier,

Andrew McChesney
*Redakteur*



## Geleenthede

Die vierde kwartaal van 2020 se Dertiende Sabbat Offergawe sal die Suidelike Asië Divisie help met die oprigting van die volgende projekte in Indië:

- Seunskoshuis, Garmar Akademie, Rajanagaram, Andhra Pradesh staat
- Vyf klaskamers, Flaiz Adventiste Kollege, Rustumbada, Andhra Pradesh staat
- Kerkgebou, Amritsar, Punjab staat
- Kerkgebou, Ranchi, Jharkhand staat
- Koshuis, Sewendedag-Adventisteskool, Varanasi, Uttar Pradesh staat
- Tweede fase van skoolgebou by Roorkee Adventiste Kollege, Roorkee, Uttarakhand staat
- Nuwe gebou vir Sentraal Kannada en Savanagar Tamil kerke in Karnataka staat
- Twee klaskamers, Sewendedag-Adventiste Engelse Hoërskool, Azam Nagar, Karnataka staat
- Seunskoshuis, E.D. Thomas Memorial Hoër Sekondêre Skool, Thanjavur, Tamil Nadu staat
- Laboratoriums en biblioteek, Thirumala Sewendedag- Adventiste Hoërskool, Thiruvananthapuram, Kerala state
- Skoolgebou, Spicer Adventiste Universiteit, Aundh, Pune, Maharashtra staat

Hierdie kwartaal fokus op die Suider Asië Divisie, bestaande uit vier lande:
Bhoetan, Indië, Die Maledive en Nepal.
met hoofkwartiere in Hosur, Indië.

Die streek huisves 1.4 biljoen mense, insluitende 1.6 miljoen Adventiste. Dit is 'n verhouding van een Adventis vir 872 mense.

Om 1.4 biljoen mense te bereik, is 'n enorme uitdaging wat slegs bereik kan word met God se hulp. As deel van die poging, het die Suider Asië Divisie 11 projekte in Indië gekies om die Dertiende Sabbat Offergawe hierdie kwartaal te ontvang. Die projekte word hier langsaan genoem.

Indien u u Sabbatskoolklas wil verlewendig, bied ons 'n verskeidenheid van foto's, video's, en ander materiaal saam met elke sendingverhaal. Meer inligting kan in die kantlyn van elke storie gevind word. Vir voorraadfoto's van Indië, probeer 'n gratis fotobank soos pixabay.com en unsplash.com.

U kan die PDF dokument van die *Children's Mission* tydskrif aflaai by bit.ly/childrensmission en die jeug en volwasse *Mission* tydskrif by bit.ly/adultmission. Mission Spotlight video's is verkrygbaar by bit.ly/missionspotlight. 'n Drukbare sendingbank prent, wat die kinders kan inkleur, kan afgelaai word by bit.ly/bank-coloring-page.

Indien ek kan help, kontak my by mcchesneya@gc.adventist.org.

Dankie dat u kinders aanmoedig om sending-gerig te wees!

INDIË | 3 Oktober





# Haal Maklik Asem

Aradhana, 14

Veertienjarige Aradhana het opgelet dat een van haar graad agt kamermaats in die meisieskoshuis moeite gehad het om asem te haal wanneer herfs oorgaan na winter en dit begin koud word.

Haar kamermaat, Jyotsana, het ook probleme gehad om asem te haal wanneer die winter oorgegaan het na lente en die blomme begin uitkom het.

Selfs al het Jyotsana elke dag 'n asmapompie gebruik en pille geneem, het sy nog steeds gesukkel om asem te haal wanneer die weer verander het. Aradhana het hartseer gevoel omdat sy en Jyotsana vriende was. Aradhana het uit 'n Adventiste huis gekom, terwyl Jyotsana se familie aan 'n wêreldwye godsdiens behoort het wat nie God aanbid het nie.

Een aand toe Jyotsana haar medisyne geneem het, het Aradhana besluit om met haar oor God te praat. Sy het langs Jyotsana op die bed gesit.

"Jy behoort te bid, en jy behoort die Bybel te lees," het sy gesê.

Jyotsana het vir 'n oomblik gedink.

"Goed, ek sal probeer," het sy gesê. Beide meisies het gaan slaap.

Die volgende aand het Aradhana gesien dat Jyotsana op haar bed sit en lees uit 'n oop Bybel in haar hande. Aradhana het bly gevoel om te sien dat haar vriendin die Bybel lees. Sy het besluit dat dit 'n goeie tyd was om haar eie aandgodsdiens te hou, en het na haar eie bed gegaan en 'n hoofstuk uit die Bybel gelees. Toe het sy gaan slaap.

Daarna het Aradhana gesien dat Jyotsana elke aand haar Bybel lees. Sy het haar ook elke aand sien bid terwyl sy op haar bed gesit het of langs die bed gekniel het. Een aand het Aradhana voorgestel dat die twee meisies saam bid. Hulle het gekniel, en Jyotsana het eerste gebid. "Liewe Hemelse Vader, dankie vir hierdie dag. Dankie dat U ons beskerm teen skade en gevaar. Wees met ons ouers wat ver van ons af is. Wees met ons. Help ons om goed te leer in die klas. Wees

met ons koshuisouers en onderwysers. Wees ook asseblief met my. Gee my die krag om die Bybel te lees en help my om gesond te word van my asemhalingsiekte. Wees met ons terwyl ons slaap. In Jesus se Naam, Amen."

Toe het Aradhana gebid. "Liewe Hemelse Vader, wees met Jyotsana. Help haar om U pad te volg en wees met haar familie en my familie."

Na 'n rukkie, het Aradhana opgelet dat Jyotsana God 'n belangrike deel van haar lewe gemaak het. Sy het by maaltye gebid en voordat sy haar tuiswerk gedoen het en eksamen geskryf het.

Haar gesondheid het ook verbeter. Haar asma het haar nie meer soveel gepla nie en die dokter het gesê dat sy minder medisyne kon neem. Jyotsana het opgewonde die goeie nuus vir Aradhana vertel.

"Ek is so bly dat die dokter my medisyne verminder het," het sy gesê. "Ek raak moeg daarvan om soveel medisyne te neem."

"God het jou gehelp om jou medisyne te verminder," het Aradhana gesê.

Aradhana het elke aand vir haar vriendin gebid, en sy het God gedank dat Hy haar gebede verhoor het.

Jyotsana gaan nie langer na Aradhana se skool nie, maar Aradhana het haar nie vergeet nie. Sy bid elke aand dat haar goeie vriendin haar hart aan Jesus sal gee.

"God help haar om heeltemaal te herstel van haar asemhalingsiekte waar sy ookal studeer," bid sy.. "Help haar om op U pad te wandel sodat sy U in die hemel mag ontmoet."

Deel van hierdie kwartaal se Dertiende Sabbat Offergawe sal help om 'n nuwe kerk in Amritsar op te rig om die ou, oorvol kerkgebou te vervang. Hierdie is die kerk waar Aradhana op Sabbat aanbid wanneer sy nie by die Adventiste Inter Kollege studeer nie in Roorkee, 'n dorpie wat ongeveer 15 myl (25 kilometer) van Amritsar in noordwestelike Indië geleë is. Dankie dat u beplan om 'n mildelike offergawe te gee sodat Aradhana in 'n mooi, nuwe kerk kan aanbid.

Deur Andrew McChesney

## Storie Wenke

- Vind Amritsar in noordwes Indië, naby die grens met Pakistan, op die kaart.
- Spreek Aradhana uit as: arad-NA.
- Weet dat Aradhana "lofprysing" beteken. Sy word slegs aan een naam geken.
- Spreek Jyotsana uit as: JO-tsana.
- Weet dat Aradhana onlangs 'n weeskind geword het nadat haar moeder van diabetes gesterf het..
- Verstaan dat die gebed wat Aradhana vir haar vriendin het— "Help haar om op U weg te wandel sodat sy U in die hemel mag ontmoet" — dieselfde gebed is wat haar eie moeder eenkeer vir haar gebid het. Haar moeder het haar dogter vertel dat sy gehoop het dat sy eendag haar hart aan Jesus sou gee en by die Sewende-dag - Adventistekerk sou aansluit.
- Bid vir Aradhana terwyl sy hierdie belangrike besluit oorweeg. Bid vir haar vriendin, Jyotsana, om ook vir God te ken..
- Aradhana het 'n spesiale boodskap vir kinders wat haar storie lees. Sy sê, "Ek wil hê dat elkeen elke dag tot God moet bid en die Bybel moet lees."
- Vra vir die kinders of hulle vir 'n vriend gebid het om in die hemel te wees. Daag hulle uit om daagliks vir 'n vriend te bid.
- Kyk na Aradhana op YouTube: bit.ly/Aradhana-Mission.
- Laai fotos af op Facebook (bit.ly/fb-mq).
- Laai sendingnuus en kort feite van Indië af by: bit.ly/SUD-2020.





INDIË | 10 Oktober

Ruchi, 32

# ‘n Sara in Indië

Ruchi was baie hartseer. Sy was vir drie jaar getroud en het nie ‘ n baba gehad nie.

Sy en haar man, Deepak, het dokters besoek, en hulle het tot die gode van hout en klip gebid. Hulle het alles gedoen waaraan hulle kon dink, maar niks het gewerk nie.

Eendag het ‘n 75-jarige vrou genaamd Shakina gekom om familielede wat in dieselfde huis as Ruchi gebly het, te kom besoek. Sy het gehoor dat Ruchi ‘n baba wou hê en het met haar gepraat.

“Ek glo in Jesus, wat die ware God is,” het Shakina gesê. “Laat ek vir jou bid.”

Ruchi het nog nooit van Jesus gehoor nie, maar sy was opgewonde dat iemand vir haar wou bid. “Ek het jou gebede nodig,” het sy gesê. “Ek is a l vir drie jaar getroud, en ons het geen kinders nie.”

“Kinders is ‘n erfenis van God,” het Shakina vir Ruchi gesê en haar genooi om op die vloer te kniel om te bid. Ruchi was gewoond om voor gode van hout en klip te bid, en het afgesak langs Shakina.

“Here, laat Ruchi se baarmoeder vrugbaar wees omdat Psalm 127:3 belowe dat ‘Kinders is ‘n erfenis van God,” het Shakina gebid.

Die volgende week het Shakina teruggekeer om saam met Ruchi te bid. Sy het die week daarna weer gekom. “Jy weet, jy behoort ook te bid,” het Shakina gesê. “Jy behoort geloof in Jesus te hê net soos wat Abraham gehad het.”

“Abra-wie?” het Ruchi gevra. Sy het nog nooit van Abraham gehoor nie.

Shakina het vir haar die verhaal vertel van hoe Abraham en Sara vir ‘n baba gebid het. God het hulle gebede beantwoord deur vir Sara ‘n babaseun te gee toe sy 90 jaar oud was.

Ruchi het gedink, “Sjoe, as God vir Sara ‘n baba kon gee toe sy so oud was, dan kan Hy vir my ‘n baba gee. Ek is net 24!”

Ruchi het elke dag begin bid vir ‘n baba. “Jesus, U het vir Sara ‘n baba gegee.

Gee my ook 'n baba, asseblief," het sy gebid.

Eendag het Shakina die verhaal vertel van Hanna wat vir 'n baba gebid het en God het vir haar Samuel gegee. Ruchi se geloof het sterker geword toe sy hierdie verhaal gehoor het. Sy het gedink, "As God babas vir Sara en Hanna kon gee, dan kan Hy ook vir my 'n baba gee."

Sy het begin om die Bybel op haar eie te lees. Sy het aangehou om te bid. 'n Jaar het verbygegaan. Twee jaar. Drie jaar. Vier jaar. Ruchi het aangehou om te bid en die Bybel te lees.

Eendag het sy iets ongewoon in haar maag gevoel. Sy het onmiddellik dokter toe gegaan en hy het aangekondig dat sy verwagtend was! Ruchi het met vreugde God gedank en Shakina geskakel om haar die nuus te vertel.

"Ek gaan 'n baba hê!" het sy uitgeroep.

"Jesus het ons gebede beantwoord!" het Shakina gesê.

Ruchi het geboorte geskenk aan 'n babadogterjie en haar Cash genoem. 'n Jaar later het sy nog 'n baba gehad.

Vandag bring Ruchi elke Sabbat vreugdevol haar twee kinders na die Amritsar Sewendedag-Adventistekerk.

"Jesus is magtiger as enigiets anders in die wêreld," sê sy. □

Deel van hierdie kwartaal se Dertiende Sabbat Offergawe sal help om 'n nuwe kerk in Amritsar op te rig om 'n ou en oorvol kerkgebou te vervang. Dit is die kerk waar Ruchi en haar kinders aanbid. Dankie dat u 'n mildelike offergawe beplan sodat Ruchi in 'n mooi, nuwe kerk kan aanbid.

Deur Andrew McChesney

## Storie Wenke

- Vind Amritsar in noordwes Indië, langs die grens met Pakistan, op die kaart.
- Spreek Ruchi uit as: ru-CHI. Sy word net aan een naam geken.
- Vra die kinders waarom die storie genoem word "'n Sara in Indië." Lees weer die verhaal van Abraham en Sara. Daag die kinders uit om nooit op te hou om vir belangrike dinge te bid nie.
- Oorweeg Ruchi se raad vir kinders wat wonder waarom dit lyk asof hulle gebede onbeantwoord bly: "Glo in God en hê geloof in Jesus," sê sy. "Hy is die voorsiener van kinders. Soos die Bybel sê, 'Kinders is 'n erfenis van God.'"
- Laai foto's af op Facebook (bit.ly/fb-mq).
- Laai sendingnuus en kort feite van Indië af by: bit.ly/SUD-2020.

## MISSION RECORD

Tradisie leer dat die apostel Thomas die evangelie vir die mense van Indië gepeerk het en die Nestoriaanse Christelike kerk in die suide gestig het. Geskiedkuindige bewys dui aan dat nasionale Christene in Indië sedert die vierde eeu bestaan het.

Dit is nie bekend presies wanneer die Sewendedag-Adventistekerk leerstellings vir die eerste keer in Indië bekend gemaak is nie of wanneer evangelisasie begin het nie. In 1890, het S.N.Haskell en P.T. Magan Indië deurkruis van Kolkatta na Bombaai op hulle sending-ontdekkingsreis rondom die wêreld.





INDIË | 17 Oktober

Saint Kim

# Hardloop vir die Trein!

Die groot bus het al stampende in die donker nag met 'n rowwe bergpad langs gery. Indiese musiek van die radio van die busbestuurder het die bus gevul. Baie passasiers was vas aan die slaap.

Maar 'n 11-jarige seun met die naam Saint was wawyd wakker. Hy en andere op die bus het sopas vrywillige diens klaargemaak by 'n een-week mediese kliniek in 'n afgesonderde Indiese dorpie. Saint het gesien hoe baie siek mense gratis mediese hulp ontvang. Hy was nie oud genoeg om 'n dokter te wees nie, maar hy was gelukkig om boodskappe af te lewer en met siek kinders te speel. Nou het die bus die groep vrywilligers na die treinstasie geneem om terug te keer huistoe.

Iemand het gepraat.

"Stop asseblief die bus. Lavinia is naar. Sy gaan opgooi."

Dit was waar. Sodra die bestuurder stilgehou het, het die 20-jarige Lavinia alles wat in haar maag was opgebring.

Eintlik was Lavinia nie die enigste persoon wat met naarheid gesukkel het nie. Almal was nou wakker en het gevoel om op te gooi. Maar die groep het nie tyd gehad om siek te wees nie. Hulle moes nog vyf ure reis om die treinstasie betyds te bereik.

Die dokter in bevel van die groep wou nie enige meer siekstoppe hê nie. Hy het medisyne vir naarheid uit sy noodhulptas geneem en dit rondgestuur. Die bus het sy reis op die kronkelende pad voortgesit.

Nou het dit gelyk asof die tyd vinnig verbygaan. Iemand het gepraat.

"Ons behoort vinniger te gaan, anders gaan ons ons trein mis."

Die passasier was reg. Die groep moes die treinstasie bereik voor hulle trein vertrek. Die busbestuurder het die dringendheid besef, en hy het vinniger gery. Maar die tyd het net so vinnig verbygegaan as wat die bus gery het.

Ongelukkig het die bus die afgeleë dorpie laat verlaat, en die stop vir die siek passasier het nog 'n groter vertraging veroorsaak. Dit het onmoontlik geblyk om die treinstasie betyds te bereik.

Saint se vader het die trein se vertrektyd op

## Storie Wenke

- Weet dat die storie se skrywer, Daisy Jung, Saint se moeder is. Name is verander om die werk van die vrywilligers wat in 'n sensitiewe deel van die wêreld dien, te beskerm.
- Die foto by die storie wys 'n meisie wat hulp by die mediese kliniek ontvang het waar Saint en sy ouers vrywillige diens gedoen het..
- Laai fotos af op Facebook (bit.ly/fb-mq).
- Laai sendingnuus en kort feite oor Indië af by: bit.ly/SUD-2020.

sy s elfoon nagegaan. Dit het gewys dat die trein betyds sou vertrek.

"Dit is snaaks," het hy gesê. "Gewoonlik vertrek die trein laat, maar hierdie keer is dit betyds."

Saint se vader het weer gekyk op sy selfoon en die trein se tyd oor en oor nagegaan. Hy het so jammer gelyk oor die situasie.

"Ons kan die trein mis," het hy hartseer gesê.

Nou was almal bekommerd. Niemand kon slaap nie.

Op daardie oomblik het Saint gepraat.

"Die trein gaan vir ons wag," het hy gesê.

Die volwassenes het nie saamgestem nie.

"Jy weet, Saint, hierdie "App" wat die trein se tyd opspoor, is altyd korrek," het sy moeder gesê. "Die trein mag dalk vertrek voordat ons die stasie bereik."

"Nee, Mamma," het Saint beslis gesê. "God sal die trein vir ons terughou."

Die bus het 30 minute laat by die treinstasie opgedaag. Almal was bekommerd oor die hartseer situasie. Saint se vader en 'n ander man, Roshan, het gaan uitvind hoelank die groep sou moes wag vir die volgende trein. Skeilik het die twee mans aangehardloop gekom.

"Haai, almal!" het Saint se vader geskree. "Die trein is nog nie weg nie. Maak gou!"

Daar was nie tyd om bly te wees nie. Elkeen het hulle bagasie gegryp en so vinnig as wat hulle kon na die platform gehardloop waar die trein gewag het. Die oomblik toe almal in die trein was, uitasem van die hardloop, het Saint gefluister, "Mamma, ek het vir jou gesê dat God die trein sou terughou."

Hy het haar 'n breë glimlag gegee. Toe almal bekommerd was oor die trein, het Saint onthou dat sy hemelse Vader altyd gebed beantwoord. Hy het gebid.

Dankie vir u sendingoffergawes wat kinders soos Saint help om van Jesus te leer en van die krag van gebed.

Deur Daisy Jung

## MISSION RECORD

Tradisioneel dateer die begin van amptelike werk in Indië vanaf 1893, toe William Lenker en A.T. Stroup, twee kolporteurs van die Verenigde State, in Madras geland het en begin kolporteur het vir Adventiste inskrywingsboeke onder die Engelssprekende inwoners van groot Indiese stede. Lenker het egter daarna gerapporteer oor 'n aantal Adventiste wat besig was om in verskeie stede in Indië te werk.





INDIË | 24 Oktober

# Geslaan Oor die Sabbat

**Anusha Nagappa, 14**

Veertienjarige Anusha huil elke keer wanneer sy oor Vader praat. Die rede is dat Vader woedend is omdat sy 'n Christen geword het. Hy is vasberade om haar haar besluit te laat verander.

Die moeilikheid het verlede jaar begin toe 'n Sewendedag-Adventiste buurvrou haar Moeder aan Jesus voorgestel het.

"Afgode-aanbidding is nie reg nie," het die buurvrou gesê. "Jy behoort jou hart aan Jesus te gee."

Nadat Moeder baie keer gehoor het dat die buurvrou haar aanmoedig om Jesus te aanvaar, het sy begin om na 'n Adventiste kerk in haar dorpie te gaan. Sy het haar dogter saam met haar geneem en die meisie het die sang geniet.

Vader wou nie met Moeder en Anusha saamgaan kerktoe nie. Selfs nog erger, hy was vasberade om Moeder en Anusha te keer om kerktoe te gaan. Hy het na die 20 hout- en klipafgode in hulle huis gewys.

"Onse gode het ons vir so baie jare gehelp," het hy gesê. "Ons gode het vir ons gesorg en ons beskerm. Waarom wil julle kerk toe gaan om 'n ander God te aanbid?"

Moeder het niks gesê nie. Anusha het niks gesê nie. Daar was niks wat hulle kon sê om Vader te kalmeer nie. Toe Vader gesien het dat hulle in elk geval aangehou het om kerktoe te gaan, het hy onvriendelik met Moeder gepraat. Hy het selfs vir Anusha pak gegee, en gesê dat sy ongehoorsaam was.

Om sake te verger, het ander bure Anusha en Moeder gespot..

"Julle het ons gode vir solank aanbid," het een gesê. "Wat het verkeerd gegaan dat julle die Christen God moet aanbid?"

Selfs die plaaslike priester, wat nie 'n Christen was nie, het hulle gespot.

Net toe dit gelyk het asof dinge nie erger kan word nie, het Vader 'n slegte ongeluk gehad. Hy het op 'n besige pad op sy fiets gery, en 'n trok het hom getref. Hy was hospitaal toe geneem in 'n kritieke toestand.

"Slegs God kan hom red," het die dokter vir Moeder gesê.

Moeder en Anusha het vir Jesus gebid om Vader se lewe te spaar. Die Adventiste vriendin het ook gebid.

Tot die dokter se verbasing, het Vader herstel en kon hy binne drie weke huistoe gaan. Vader het teësinnig erken dat die God van die hemel sy lewe gered het. Maar gou het sy woede weer teruggekeer, en hy het Moeder en Anusha beveel om op te hou om kerktoe te gaan. Moeder en Anusha moes op Sabbatoggend uit die huis sluip.

Vanjaar was Anusha in staat om na 'n Adventiste kosskool te gaan om te studeer. Sy is opgewonde dat sy Jesus kan aanbid sonder om uitgeskel en geslaan te word. Sy het haar eie Bybel by die skool gekry. Wanneer sy met vakansie huistoe gaan, lees sy die Bybel vir haar vriende. Sy het 'n hele paar vriende geleer om te bid. Meer as enigiets anders sou sy graag die Bybel vir Vader wou lees en saam met hom bid. Sy vra dat kinders dwarsdeur die wêreld sal bid dat haar vader die ware God moet ken. □

Deel van hierdie kwartaal se Dertiende Sabbat Offergawe sal Anusha se kool help — Sewendedag-Adventiste Engelse Hoërskool in Azam Nagar, in Indië se staat van Karnataka — om twee nuwe klaskamers te bou sodat meer kinders van die ware God kan leer. Dankie dat u 'n mildelike offergawe beplan.

Deur Meena Prabhakar, 'n onderwyser by Anusha se skool

## Storie Wenke

- Vind Azam Nagar op die kaart.
- Spreek Anusha uit as: a-nu-SHA.
- Laai foto's af op Facebook (bit.ly/fb-mq).
- Laai sendingnuus en kort feit van Indië af by: bit.ly/SUD-2020.
- Indië is een van die grootste demokrasieë in die wêreld.
- Met die meerderheid van die bevolking van Indië wat Hindoïsme volg, is 30-40 persent van die mense vegetariërs.
- Indië is die tweede grootste Engelssprekende land. Tweede slegs na die Verenigde State, ongeveer 10 pesent van Indië se bevolking is vlot in Engels, met die verwagting dat die persentasie binne die volgende dekade viervoudig sal toeneem.

AMAZING NATURE

Ten spyte daarvan dat koeie as heilig beskou word en dit onwettig is om hulle dood te maak, gebruik Indiërs nog steeds koeie vir melk. Die meeste van Indië se melk kom egter van buffels af.



BigStockPhoto.com





INDIË | 31 Oktober

Bhimakshi Koiaooe, 15

# Weiering van Klipafgode

Toe Bhimakshi 10 jaar was, het sy dapper geweier om haar ouers se afgode te aanbid.

Die storie het begin toe Bhimakshi huistoe gekom het vir die somervakansie vanaf die Sewendedag-Adventiste kosskool. Sy was bly om Moeder en Vader te sien na maande wat hulle geskei was.

In die oggend het Bhimakshi opgestaan en gebad. Dan het Moeder haar geroep na die gesinsaltaar om hulle gode te aanbid. Die altaar het bestaan uit ses foto's van klip-afgode. Die foto's het laag teen 'n muur in die huis gehang. Onder die foto's was 'n houtrak met 'n lamp, wierookstokkies, en rooi poeier om op die voorkop te smeer.

Bhimakshi het die foto's huiwerig genader. Moeder en Vader het alreeds met oorkruis bene op die vloer gesit. Saam met hulle was Bhimakshi se 9-jarige suster.

Vader het 'n klein klokkie gelui, wat aangedui het dat gebedstyd begin het. Hy en Moerder het begin om die naam van een van die afgode te sing-praat. Hulle het nie hulle oë toegemaak nie.

Moeder het gesien dat Bhimakshi gestaan het, en het opgehou om te sing. "Sit saam met ons," het sy die meisie beveel.

Bhimakshi het geweier. "Ek wil nie hierdie soort goed doen nie," het sy gesê.

Moeder het kwaad gelyk. Sy het geweet dat Bhimakshi vir vyf jaar van Jesus geleer het by die Adventiste kosskool. Sy het geweet dat die skool ook 'n oggendgodsdiens gehad het waar die kinders Jesus aanbid het in plaas van tradisionele gode. Moeder het nie omgegee dat Bhimakshi Jesus by die skool aanbid nie. "Wanneer jy by die skool is, kan jy soos die Christene wees," het sy gesê. "Maar wanneer jy huistoe kom, moet jy doen wat ons doen."

Bhimakshi het nog steeds geweier. Nou was Moeder woedend, en sy het na Bhimakshi se klein sussie gedraai. "Bid vir jouself en vir jou suster," het sy haar toegesnou.

Bhimakshi het uitgeglip na 'n ander kamer

## Storie Wenke

- Vind Azam Nagar op die kaart.
- Spreek Bhimakshi uit as: bee-mak-SHI.
- Laai foto's af op Facebook (bit.ly/fb-mq).
- Laai sendingnuus en kort feite oor Indië af by: bit.ly/SUD-2020.

terwyl haar gesin gebid het. Na die gebede beëindig is, het Moeder Bhimakshi gevind en haar pak gegee omdat sy ongehoorsaam was.

Bhimakshi het saggies gebid vir Jesus om te help.

Die volgende dag het Moeder Bhimakshi geroep om saam met die gesin te bid. Weer, het Bhimakshi geweier. Weer, was sy gestraf.

Dieselfde ding het dag na dag plaasgevind. Bhimakshi sou nie haar besluit verander nie. Sy het geweier om vir die afgode te bid.

Uiteindelik het die nuwe skooljaar begin en het sy teruggekeer na die Adventiste kosskool. Sy was bly om terug te wees tussen haar vriende en die vriendelike onderwysers. Sy was bly dat sy nie geslaan sou word omdat sy weier om vir afgode te bid nie. **Bowenal**, was sy bly om in staat te wees om Jesus vrylik te aanbid. Sy het die meisies se koshuismoeder vertel wat daardie somer gebeur het. Die meisies se koshuismoeder was trots op Bhimakshi omdat sy vas gestaan het vir Jesus.

By die volgende ogggendgodsdiens het die meisies se koshuismoeder gesê dat God mense in die Bybel geëer het wat geweier het om vir afgode te bid.

"Afgode wat van hout en klip gemaak is, het geen lewe nie," het sy gesê. "Ons het slegs een God wie ons Skepper is, en nie baie gode nie. Satan probeer ons mislei met afgode."

Bhimakshi het verstaan dat God trots was op haar, en sy het besluit om nooit weer afgode te aanbid nie. En sy het nie. Vandag, is sy 15 en weier nog steeds om by die huis vir afgode te bid. Moeder is nie meer kwaad nie en het selfs begin om somtyds vir Jesus te bid. Bhimakshi hoop Moeder sal eendag slegs tot Jesus bid.

"Jesus is die ware God," sê sy.

Deel van hierdie kwartaal se Dertiende Sabbat Offergawe sal Bhimakshi se skool, die Sewendedag-Adventiste Engelse Hoërskool in Azam Nagar, in Indië se staat van Kamataka help om twee nuwe klaskamers op te rig sodat meer kinders kan leer dat Jesus die ware God is.


Deur Meena Prabhakar, 'n onderwyser by Bhimakshi se skool

AMAZING INDIA

Indiese kookkuns is gewild dwarsdeur die wêreld maar verskil grootliks afhangende van die streek. Hierdie variasie word dikwels nie gereflekteer in die Indiese restaurante buite Indië nie, Waar klante sekere welbekende disse soos dal, samoesas, naan, en tandoori hoender verwag.



BigStockPhoto.com





INDIË | 7 November

Karthik Sukaram, 13

# Aanbiddingsondeundheid

"Jesus is die ware God," het die Onderwyseres voor in die klaskamer gesê.

Elfjarige Karthik het na sy vriende gedraai wat naby hom gesit het vir oggendgodsdiens by die Sewendedag-Adventiste kosskool in Azam Nagar, Indië."

"Nee, Hy is nie die ware God nie," het hy gefluister. "Ons gode is die ware gode."

Die ander seuns het stilletjies hulle koppe geknik om met hom saam te stem maar het nie gedurf waag om dit hardop uit te spreek nie omdat hulle bang was vir straf. Enigeen wat godsdiens onderbreek het, sou geen ontbyt kry nie, en hulle wou die heerlike *upma* pap eet.

Die onderwyseres het opgemerk dat Karthik gefluister het, en sy het opgehou met praat.

"Wat het jy gesê, Karthik?" het sy gevra.

Die seun het geweier om te antwoord.

Die onderwyseres het na die seuns wat naby hom gesit het, gekyk.

"Wat het Karthik gesê?" het sy gevra.

Na 'n ongemaklike stilte, het een van die seuns gepraat. "Karthik stem nie saam dat Jesus die ware God is nie," het hy gesê.

Die onderwyseres het niks meer gesê nie en teruggegaan na die godsdienspraatjie. Maar nadat die godsdiens verby was, was Karthik nie toegelaat om ontbyt te eet nie, omdat hy die godsdiens onderbreek het.

Selfs al het hy nie daarvan gehou om gestraf te word nie, het hy aangehou om oggend- en aandgodsdiens te onderbreek.

Om te verstaan waarom die seun godsdiens onderbreek het, moet julle iets oor sy huislike lewe verstaan. Karthik het in 'n Indiese dorpie groot geword sonder 'n skool wat Engels aangebied het. Toe hy dus 11 was, het sy moeder hom na die Adventiste kosskool gestuur, geleë ongeveer 25 myl (40 kilometer) ver, om Engels te leer.

Karthik was nie 'n Christen nie, en hy het nie van die Christen skool gehou nie. Hy het veral nie van die godsdiensprogramme gehou nie.

Maar een Sabbat het hy 'n preek gehoor

wat sy hart aangeraak het. Die prediker het Jesus die ware God genoem wat mense red van hulle foute. Karthik wou meer weet, en die Onderwyseres het hom 'n klein Nuwe Testament gegee. Hy het begin om elke dag 'n paar versies te lees en te bid.

Maar toe het slegte dinge begin gebeur en Karthik het geval en sy ken gebreek terwyl hy buite gespeel het. Toe moes hy hospitaal toe gaan vir 'n breukoperasie. Hy het gewonder of sy familie se klipgode hom straf omdat hy vir Jesus bid.

Aan die einde van die skooljaar, het hy geval terwyl hy op 'n skoolmuur gespring het en beide sy bene sleg beseer. Hy moes weer hospitaal toe gaan.

Hy het aangekondig dat hy nooit weer na die Adventiste skool wou gaan nie.

"Ek kom nie terug hierheen nie," het hy onversetlik vir sy Moeder gesê. "Daar gebeur slegte dinge."

Maar Moeder wou hê dat hy moes teruggaan. Sou wou ook sy jonger suster na die skool stuur.

Die onderwyseres het met die seun gepraat.

"Ek wil regtig hê dat jy moet terugkom," het sy gesê. "Kom, en dinge sal beter gaan."

Karthik het aan die begin van die skooljaar teruggekeer met sy suster. Hy het beloof om Jesus nog 'n kans te gee.

"Ek sal die Bybel meer lees en nader aan God kom," het hy vir die Onderwyseres gesê. "Ek wil vir Jesus staan maak nie saak wat nie en vir my familie om Hom te ken."

Deel van hierdie kwartaal se Dertiende Sabbat Offergawe sal Karthik se skool, Sewendedag-Adventiste Engelse Hoërskool in Azam Nagar, in Indië se staat van Kamataka, help om twee nuwe klaskamers op te rig.

Deur Meena Prabhakar, 'n **onderwyser by** Karthik se skool.

## Storie Wenke

- Vind Azam Nagar op die kaart.
- Spreek Karthik uit as: kar-THIK.
- Vra die kinders of hulle dink dat slegte dinge met Karthik gebeur het, omdat hy die Bybel gelees het. Vra waarom slegte dinge kon gebeur het. Moontlike antwoorde sluit in: "hy was nalatig" of "Satan wou hom ontmoedig om die Bybel te lees.."
- Laai foto's af op Facebook (bit.ly/fb-mq).
- Laai sendingnuus en kort feite oor Indië af by: bit.ly/SUD-2020.

AMAZING INDIA

Bengaluru is die Silikon Vallei van Indië. 'n Aantal Multi-nasionale maatskappye het hulle besigheidspilpunte hier gestig, met die gevolglike instroming van IT ingenieurs en uitgewekenes na die stad.



BigStockPhoto.com





INDIË | 14 November

Rashmi Rajesh Gollar, 15

# Ouma Vind Haar Stem

Vyftienjarige Rashmi het nie daarvan gehou om alleen by die huis saam met Ouma in Baihongal, 'n klein dorpe in suid-sentraal Indië te wees nie.

Wanneer ookal Moeder uit die huis gegaan het om kos te gaan koop, of die bure te gaan besoek, het Ouma na Rashmi toe geloop.

"Jy los ons voorvaderlike gode en loop agter 'n onbekende God aan!" het sy geskree.

Ouma kon nie verstaan waarom Moeder begin het om Rashmi elke week na 'n Christelike kerk te neem nadat sy by 'n buurvrou van Jesus geleer het nie. Ouma het gode aanbid wat van klip en hout gemaak was. Sy het nie in Jesus geglo nie. Sy het nie 'n woord gesê terwyl Moeder by die huis was nie. Maar so gou as wat Moeder uitgegaan het, het sy Rasmi uitgeskel omdat sy kerktoe gegaan het.

"Daar is 'n klein tempel hier naby ons huis," het sy gesê. "Jy kan daar gaan aanbid in plaas van by die Christelike kerk."

Rashmi het probeer verdudielik dat die Christelike kerk lekker was.

"Waarom raas jy met my?" het sy gesê. "As jy saam met ons kerktoe kom, sal jy verstaan." Rashmi het nooit vir Moeder van die uitskellery vertel nie. Sy was nie bang vir Ouma nie, maar sy wou nie enige moeilikheid in die familie veroorsaak nie.

Op 'n dag het Ouma haar stem begin verloor. Sy kon slegs saggies praat. Sy kon haar stem nie meer verhef om op Rashmi te skree omdat sy kerktoe gegaan het nie, maar sy het kwaad gebly.

"Selfs al het jy ons gode verlaat, sal ons gode jou nie verlaat nie!" het sy woedend gefluister.

Niemand was bekommerd oor Ouma wat haar stem verloor het nie. Elkeen het gedink dat dit self weer sou terugkom. Rashmi het ingeskryf in 'n Sewendedag-Adventiste kosskool en die huis verlaat om te gaan studeer.

Maar toe sy vier maande later vir vakansie huistoe gekom het, het Ouma haar stem heeltemaal verloor. Sy kon gladnie praat nie. As sy iets wou sê, moes sy met haar hande beduie.

Rashmi was bly dat Ouma nie meer geskree het nie, maar sy was jammer vir haar.

Moeder was baie bekommerd.

"Ons moet haar hospitaal toe neem, " het Moeder gesê.

Die dokter het gesê dat Ouma 'n operasie moes kry om haar stembande te herstel. Nou was Ouma bang. Sy wou nie 'n operasie hê nie. Rashmi wou haar help en sy het Ouma se sterk geloof in gode van klip en hout onthou.

"Waarom bid jy nie vir jou gode om jou gesond te maak nie?" het syvoorgestel. "Dan sal jy nie 'n operasie nodig hê nie."

Ouma het alreeds vir maande vir haar gode gebid. Sy het verstaan dat haar gode nie krag het nie. Sy kon nie met Rashmi praat nie, daarom het sy eenvoudig net geglimlag.

Moeder het vir kerkvriende vertel van die operasie wat voorlê, en hulle het vir Ouma gebid. Kerke in ander dele van Indië het ook gehoor van die operasie en het gebid. Rashmi het saam met Ouma gebid.

"Liewe God, help Ouma om op te hou om afgode te aanbid en om in Jesus, die ware God, te glo," het sy gebid.

Trane het langs Ouma se wange afgestroom toe sy die gebed gehoor het.

Na die operasie het die dokter gesê dat dit suksesvol as. Drie maande later, was Ouma terug by die huis en kon sy praat.

## Storie Wenke

- Vind Azam Nagar en Baihongal op die kaart.
- Spreek Rashmi uit as: rash-MI.
- Laai foto's af op Facebook(bit.ly/fb-mq).
- Laai sendingnuus en kort feite oor Indië af by: bit.ly/SUD-2020.

Ouma raas nie langer met Rashmi omdat sy op Sabbat kerktoe gaan nie. Sy probeer nie langer om haar te oorreed om die familie se gode te aanbid nie. In plaas daarvan, gaan sy elke Sabbat saam met Rashmi en Moeder kerktoe. Sy het haar hart vir Jesus gegee 'n maand na die operasie.

"Ek loof God!" het Rashmi gesê. "Ouma kom nou elke Sabbat saam met ons kerktoe. Vroeër moes ons vir haar wegkruip om kerktoe te gaan. Maar vandag kom sy saam met ons kerktoe."

Deel van hierdie kwartaal se Dertiende Sabbat Offergawe sal Rashmi se skool, Sewendedag-Adventiste Engelse Hoërskool in Azam Nagar, in Indië se staat van Kamataka, help om twee nuwe klaskamser op te rig sodat meer kinders van Jesus kan leer.

Rashmi is bly om by die skool te studeer.

"Ons het ogggend- en aandgodsdiens in ons koshuis," het sy gesê. "Ek dank God vir hierdie skool wat 'n lig vir baie soos myself was. Ek wil graag my hart vir altyd aan Jesus gee."

Deur Meena Prabhakar, **'n onderwyser by Rashmi se skool**.





INDIË | 21 November

# Verbaasde Dokter

Renita Caroline, 22

Die dokter het gedink dat Renita nooit sou oorleef nie.

Die 13-jarige meisie was bewusteloos en haar hart het skaars geklop, toe sy hospitaal toe is in Bengaluru, Indië.

"Sy kan enige tyd sterf," het die dokter vir haar ouers gesê. "Maar ons sal ons bes probeer."

Ongeveer 100 Adventiste van Renita se kerk het na die hospitaal gehaas. Hulle het die ouers buitekant die intensiewe sorgeenheid waar Renita op 'n bed gelê het, getroos. Baie kerklidmate het op die koue hospitaalvloer gekniel en gebid. Andere het na die kerk gegaan om te bid.

Die volgende dag het die predikante en lidmate van al 15 Adventiste kerke in Bengaluru na die hospitaal gekom om vir Renita te bid. Onder hulle was Renita se tannie, Ruth Mary. Sy het baie geloof in God gehad.

"Doen jy jou werk," het Mary vir die dokter gesê. "My God sal vir alles sorg."

Die dokter het nie in God geglo nie, en het vererg gelyk oor Ruth Mary se woorde.

Renita se vriende het by die skool gebid. Die skoolhoof het studente bidgroepe georganiseer om Renita in gebed op te dra.

Op die derde dag, was die dokter nog steeds nie seker of Renita sou leef nie. Ruth Mary het egter geen twyfel gehad nie.

"Doen jy jou werk," het sy gesê. "My God sal vir alles sorg."

Nou was die dokter regtig vererg. Hy het gewonder hoe Ruth Mary soveel vertroue in 'n onsigbare God kon hê.

Kerklidmate het aangehou om te bid. Vier dae het verbygegaan. Vyf dae. Tien dae. Op die elfde dag het Renita haar oë oopgemaak.

Ruth Mary, wat vir 10 dae gevas en gebid het, was verheug.

"Hou jy aan om jou werk te doen," het sy vir die dokter gesê. "My God sal sorg vir alles."

## Storie Wenke

- Vind Bengaluru op die kaart.
- Laai foto's af op Facebook (bit.ly/fb-mq).
- Laai sendingnuus en kort feite oor Indië af by: bit.ly/SUD-2020.

Die dokter was meer as vererg. Hy het 'n bietjie kwaad gevoel.

Renita het geleidelik sterker geword. Op die vyftiende dag het die dokter besluit om 'n klein operasie op haar keel te doen om haar te help om beter te eet. Ruth Mary het nie van die idee gehou nie.

"Sy sing vir God in die kerk," het Ruth vir hom gesê. "As jy dit doen, sal sy haar sangstem verloor."

Die dokter het besluit om te wag. Die volgende dag kon hy sy oë nie glo nie. Renita was besig om so goed te herstel dat sy nie die operasie nodig gehad het nie.

Hy het na Ruth Mary gedraai en gesê, "Jy het altyd oor jou God gepraat," "Nou sien ek dat jou God Renita gespaar het. Gaan en sê dankie vir jou God."

Die nuus oor Renita se wonderbaarlikherstel het dwarsdeur die hospitaal versprei. Ander pasiënte en hulle families was verbaas om die wonderlike antwoord op gebed te sien, en baie het vir gebed gevra.

Daardie aand is Renita verskuif na 'n gewone hospitaalsaal. 'n Maand later was sy ontslaan uit die hospitaal. Daarna het sy al 15 kerke in Bengaluru besoek en haar getuienis gedeel.

"Ek staan as 'n lewende getuie voor u," het sy gesê. "Dit is slegs deur God se genade dat ek my lewe terug het. Dankie aan elkeen van u vir julle gebede. Ek is niks sonder gebed nie. Met gebed, is alles moontlik."

Deel van heirdie kwartaal se Dertiende Sabbat Offergawe sal help om 'n nuwe gebou vir Renita se Savanagar Tamil Sewendedag-Adventistekerk in Bengaluru, Indië op te rig. Die huidige gebou is oud en val uitmekaar, en kerklidmate het te veel geword vir die gebou. Dankie dat u beplan om 'n mildelike offergawe vir die kerk te gee.

Deur Andrew McChesney

### AMAZING INDIA

Die Lifeline Express, of Jeevan Rekha Express, is 'n hospitaaltrein wat in Indië bedryf word sedert 1991. Dit is 'n uitreikprogram vir ontoeganklike landelike gebiede waar mediese dienste nie beskikbaar is nie en reis via Indiese Spoorweë. Die trein het twee operasiekamers met vyf tafels: aangeheg is 'n ses-bed herstelkamer. Die trein het ook 'n optalmologiese toetskamer, 'n tandarts eenheid, 'n laboratorium, en 'n X-straal eenheid. Daar is 'n personeelkompartement met 'n kombuis en 12-bed koshuis. Die personeel voer ortopediese en optalmologiese prosedures uit sowel as plastiese chirurgiese prosedures vir gesplete verhemeltes en brandletsels.





INDIË | 28 November

Rishon Pereira, 9

# Geen Tyd vir Videospeletjies

Vader en moeder het saam met Rishon gaan sit om te praat oor sy speelgoed toe hulle van die groot stad na 'n klein huis op 'n berghelling in Indië verhuis het.

"Jy het nie al hierdie groot speelgoed nodig nie," het Vader gesê. "Jy gaan baie besig wees om ander dinge te doen as om daarmee te speel."

Moeder het gepraat oor die kinders wat in die dorpie naby hulle nuwe huis gewoon het.

"Die dorpskinders is arm en het nie mooi speelgoed soos jy nie," het sy gesê. "Waarom gee jy nie vir hulle jou groot speelgoed nie?"

Rishon was 'n gehoorsame seun, en het nie omgegee om sy groot speelgoed weg te gee nie. Hy het dit vir seuns en dogters in die dorpie gegee. Die dorp se kinders was opgewonde oor die geskenke. Hullle het nog nooit voorheen sulke lekker speelgoed geskenke besit nie. Rishon was bly om hulle vreugde te sien. Dit het goed gevoel om iets vriendelik vir andere te doen.

Soos wat die dae verbygegaan het, het Rishon gesien dat sy Vader en Moeder reg was. Hy was baie besig. Hy het tuisonderrig ontvang, met Moeder wat Engels, Hindi en ander tale aangebied het. Vader het wiskunde en wetenskap aangebied. Wanneer Rishon nie gestudeer het nie, het hy in die gesin se tuin gewerk, geplant, onkruid uitgetrek en mielies, aartappels en ander groente geoes. Elke dat het hy drie versies uit die Bybel gememoriseer. Na 'n paar maande kon hy baie hoofstukke uit sy kop opsê, insluitende Psalm 23, Psalm 51, Psalm 91, Johannes 1, Johannes 2, en Hebreërs 11. Rishon het nie baie tyd gehad om te speel nie, selfs met sy klein speelgoed nie, en daarom het hy van dit ook vir die dorp se kinders gegee.

Die dorp se kinders, veral die kleineres, het vinnig Rishon se vriende geword. Eers het hulle van hom gehou omdat hy vir hulle speelgoed gegee het. Maar toe het hulle hom begin ken en hulle het gesien dat hy 'n vriendelike, sagte seun was. Hulle het darvan gehou om Rishon by sy huis op die berghelling buite die dorpie te besoek.

Rishon het daarvan gehou om met die dorp se

kinders te speel. Somtyds het hulle met Rishon se ou speelgoed gespeel. Maar die meeste van die tyd het hulle kerk gespeel.

Julle sien, die dorp se kinders was nie Christene nie. Hulle ouers was nie Christene nie. Hulle het niks van God geweet wat die wêreld geskape het of van Jesus wat vir mense se sondes gesterf het nie. Hulle het niks geweet daarvan om tot God te bid nie.

Maar deur kerk te speel, het Rishon die kinders van Jesus geleer. Die kinders het op die stowwerige grond gesit terwyl Rishon vir hulle stories van Adam en Eva, Noag se ark, Dawid en Goliat, en Daniël in die leeukuil vertel het. Hy het vir hulle vetel van Jesus wat op die kruis gesterf het om ewige lewe te gee aan almal wat in Hom glo. Hy het hulle genooi om tot Jesus te bid. Rishon het die kinders gevra om te staan en hulle gewys hoe om te bid.

"Liewe God," het hy gesê. "Dankie dat U ons beste Vriend is. Help ons om soet te wees. In Jesus se naam, Amen."

Die ander het begin om Rishon se gebede na te sê. Hulle het hulle ouers vertel van die Bybelstories. Toe het sommige ouers vir Rishon se ouers gevra vir meer inligting oor Jesus.

Rishon het nie tyd vir videospeletjies of televisie nie. Hy gebruik nie Facebook of Instagram nie. Hy speel selfs nie dikwels met die paar klein speelgoed wat in sy huis oorgebly het nie. Hy is te besig om 'n sendeling vir Jesus te wees! □

Deur Andrew McChesney

## Storie Wenke

- Vind Indië se Karnataka staat op die kaart. Rishon woon op 'n plattelandse berghelling in die staat.
- Spreek Rishon uit as: rish-ON.
- Vra die kinders hoe hulle sendelinge soos Rishon kan wees. Moontlike antwoorde sluit in om speelgoed weg te gee of tyd deur te bring om saam met vriende te bid en die Bybel te bespreek
- Daag die kinders uit om soos Rishon te wees en elke dag drie Bybelversies te memoriseer.
- Moedig die kinders aan om betrokke te raak in tuinwerk en 'n tuin te plant buite of in die huis in potte. Ellen White skryf daaroor om God in tuinwerk te vind in "Child Guidance," Hoofstuk Sewe, Praktiese Lesse uit die Natuur se Boek. Lees aanlyn: bit.ly/EGW-Garden.
- Kyk na Rishon se pa, Wilbur, op YouTube: bit.ly/Wilbur-Pereira.
- Laai foto's af op Facebook(bit.ly/fb-mq).
- Laai sendingnuus en kort feite oor Indië af by:: bit.ly/SUD-2020.

## AMAZING NATURE

Bengaluru is die tuiste van meer as 25 mere wat water aan die stad verskaf en ook rus, stilte, en ontspanning bied. Hulle huisves ook 'n groot ekosisteem van blomme en diere wat onder andere bestaan uit lelies, fisant-stert langtoonvoës,wewervoëls, en varings.



AdventistMission.org





INDIË | 5 Desember

Anurodh Barnwal, 19

# God Is My Onderwyser

Vader was bekommerd oor die 11-jarige Anurodh. Selfs al het die seun graad sewe voltooi, het hy skaars elke klas geslaag. Hy kon nie 'n woord in Engels lees nie, slegs die Hindi taal.

Vader het opgelet dat die Sewendedag-Adventiste predikant in hulle tuisdorp, Ghazipur, twee kinders het wat die hoogste punte behaal het by die Adventiste kosskool in Varanasi, 35 myl (60 kilometer) weg.

"My seun doen swak", het Vader die predikant vertel. "Hy gee niks om vir skoolwerk nie."

Die predikant het 'n idee gehad.

"Waarom stuur jy nie jou seun na die Adventiste skool nie?" het hy gesê.

Vader was nie 'n Christen nie, maar hy het van die voorstel gehou. Later daardie dag het hy die plan aan sy seun genoem.

Anurodh wou nêrens skooltoe gaan nie, maar hy was uiters verveeld. Hy het verlang na iets nuuts. Hy was bly dat sy Vader besluit het om hom weg te stuur.

Maar toe Anurodh, sy ouers, en die predikant by die skool aangekom het, het hulle gehoor dat die koshuis vol was. Al 80 beddens in die seunskoshuis was beset.
Die meisieskoshuis wat plek gehad het vir 40 meisies, was ook vol. Anurodh het na sy ouers gekyk en gewonder wat om te doen. Sy ouers het na die predikant gekyk en gewonder wat om te doen. Die predikant het nie geweet waar om te kyk nie. Niemand het geweet wat om te doen nie. Anurodh moes in die koshuis bly indien hy by daardie skool gestudeer het. Hy kon nie by die huis woon en elke dag drie ure heen weer reis skooltoe nie.

Anurodh was baie teleurgesteld. Hy het gehoop op 'n nuwe lewe, en nou het dit gelyk asof hy na sy ou lewe moes terugkeer. Vir die eerste keer het hy gebid. Hy het God nie geken nie, maar hy het gedink hy sou probeer om in elk geval met Hom te praat. Terwyl hy buite die koshuis gestaan het, het hy gebid.

"God, Ek wil uit die diepte van my hart hier studeer," het hy gesê.

Dit was 'n eenvoudige gebed. Hy het nie eers vir God gevra om iets te doen nie. Hy het slegs vir

God vertel van die grootste begeerte van sy hart.

Terwyl Anurodh, sy ouers, en die predikant gewonder het wat om te doen, het 'n skoolonderwyser van die situasie gehoor. Sy het na die moedverlore seun gekom.

"Waarom kom woon jy nie by my in my huis nie?" het sy gesê.

Anurodh kon sy ore nie glo nie.

"Kan ek by die onderwyseres bly?" het hy vir sy ouers gevra.

Anurodh was oorstelp van vreugde toe sy ouers hulle toestemming gegee het. God het sy gebed verhoor.

Daardie aand het hy nie so gelukkig gevoel nadat Vader en Moeder weg is nie. Vir die eerste keer, sou hy ver van die huis af woon. Groot trane het teen sy wange afgerol, en hy het vir die tweede keer gebid. Hy het by sy bed gekniel en gesê, "God, U is my Onderwyser. Lei my asseblief."

Anurodh het van sy nuwe skool gehou. Hy het daarvan gehou om uit die Bybel te leer, en hy het veral daarvan gehou om Psalms en Spreuke te lees. Vir die eerste keer het hy die hoogste punte in al sy klasse gekry. Hy het geweet dit was deur God dat hy goeie punte gekry het. God het sy gebed beantwoord om sy Onderwyser te wees. Hy het sy hart aan Jesus gegee.

## Storie Wenke

- Vind Ghazipur en Varanasi op die kaart.
- Spreek Anurodh uit as: anuu-ROD.
- Kyk na Anurodh op YouTube: Anurodh-Barnwal.
- Laai foto's af op Facebook (bit.ly/fb-mq).
- Laai sendingnuus en kort feite oor Indië af by: bit.ly/SUD-2020.

Vandag is Anurodh 19 jaar oud en opgewonde om te leer watter planne God volgende vir hom het. Hy het nooit verwag om laerskool klaar te maak nie, en net hierdie jaar het hy van die hoërskool gegradueer.

"Ons planne is beperk," het hy gesê. "Maar God het groter planne as waaraan ons kan dink, en Hy is gereed om ons te lei." □

Deel van hierdie kwartaal se Dertiende Sabbat Offergawe sal help om 'n nuwe koshuis op te rig by die Varanasi Sewendedag-Adventiste Skool sodat daar meer plek vir kinders kan wees om by die beste Onderwyser, Jesus, te leer.

Deur Andrew McChesney

AMAZING NATURE

Die nasionale simbool van Indië is die bedreigde Bengaalse tier.



BigStockPhoto.com





INDIË | 12 Desember

Abhishek Chaudhary, 14

# Gewas Verander Harte

Die somervakansie het begin, en die 12-jarige Abhishek was bly om terug by die huis te wees vanaf die kosskool.

Maar toe het iets gebeur.

Vier dae nadat die somervakansie begin het, het Abhishek saam met sy 11-jarige suster, Mahima, op die voorstoep van die huis bal gespeel. Dit was ongeveer 4 nm, 'n rukkie voor aandete.

Nadat Abhishek die bal weggeslaan het, het hy op die grond geval en sy liggaam het geweldig begin bewe. Sy hande het saamgeklem, en daar het skuim by sy mond uitgekom.

Mahima het geskree en na Mamma in die kombuis gehardloop.

"Kom, kom!" het sy gegil. "Kom kyk wat gebeur het!"

Moeder het na die stoep gehardloop en haar seun bewusteloos en bewend op die grond sien lê. Moeder het in trane uitgebars. Sy het haar gedagtes onder beheer gekry en Vader op sy selfoon geskakel.

"Abhishek kan nie loop of praat nie," het sy gesê. "Kom asseblief huistoe."

Vader was 'n Bybelwerker en hy was besig om 'n biduur elders te hou. Hy het huistoe gehaas, en twee ure later daar aangekom.

In die tussentyd het Moeder vir Abhishek, nog steed bewusteloos, opgetel en hom na sy bed gedra. 'n Rukkie later het die seun sy bewussyn herwin. Maar hy kon nie praat nie. Hy kon nie beweeg nie. Dit is hoe hy was toe Vader daar aangekom het.

Die regeringshospitaal was toe vir die aand, en Vader het nie geld gehad om na 'n privaat hospitaal te gaan nie. Die familie sou tot die volgende oggend moes wag om Abhishek dokter toe te neem.

Vader en Moeder het hulle hande op hulle seun se kop geplaas en gebid. Moeder het gehuil. Mahima het daar naby gestaan en geluister.

"Here, U weet alles," het Vader gebid. "Jy ken hierdie onbekende siekte. Ek weet vir seker dat U my seun gesond kan maak."

Die volgende oggend het Vader en Moeder vir Abhishek na die hospitaal geneem. Die dokter

## Storie Wenke

- Vind Varanasi op die kaart.
- Spreek Abhishek uit as: ab-EE- shek.
- Spreek Mahima uit as: ma-HEE -ma.
- Weet dat Vader se naam Rajesh Chaudhary is. Hy is op die foto saam met sy seun.
- Kyk na Abhishek op YouTube: bit.ly/Abhishek -Chaudhary.
- Laai foto's af op Facebook (bit.ly/fb-mq).
- Laai sendingnuus en kort feite oor Indië af by: bit.ly/SUD-2020.

het toetse gedoen en 'n klein gewas in Abhishek se brein gevind. Die gewas het veroorsaak dat hy bewusteloos op die stoep geval het. Die dokter het medisyne vir 15 dae gegee.

"Indien hierdie medisyne werk, sal alles in orde wees," het hy gesê. "Indien nie, sal hy 'n operasie moet ondergaan." Daardie aand by die huis het die familie vir Abhishek gebid. "God, help asseblief dat die medisyne ons seun gesond sal maak," het Vader gesê.

Kerklidmate het vir Abhishek gebid. Vader het Abishek se vriende van die kosskool gekontak, en hulle het ook gebid. Vir die volgende 15 dae het almal gebid.

Aan die einde van die 15 dae, het die familie teruggegaan na die dokter.

"Hoe voel hy?" het die dokter gevra.

"Hy is baie beter," het Vader gesê.

"Laat ons nog een toets doen om te sien wat met die gewas gebeur het," het die dokter gesê.

Die dokter het die toets gedoen — en hy kon nie enige teken van die gewas vind nie. Hy was geskok. "Hoe het dit gebeur?" het hy gevra.

Hy het Abhishek nog 15 dae se medisyne gegee en vir Vader gesê, "Indien jou seun hierna beter is, sal hy nie 'n operasie nodig hê nie. Hy sal slegs vir die volgende jaar pille moet neem."

Vader en Moeder was oorstelp van vreugde dat die gewas verdwyn het. Dit was 'n wonderwerk! Die hele familie het by die huis vir God geloof.

"Dankie, God," het Vader gebid.

Die familie het aagnehou om elke dag vir die seun te bid. Kerklidmate het gebid. Abhishek het teruggegaan kosskool toe na die somervakansie, en sy klasmaats het gebid.

'n Jaar het verbygegaan, en die dokter het nog 'n toets gedoen. Die resultate het geen gewas gewys nie. "Daar is niks," het die dokter gesê. "Hy is gesond."

Die familie was bly. God het 'n groot wonderwerk verrig.

Maar dit was nie die einde nie. Bure wat nie in Jesus geglo het nie, het gehoor van die wonderwerk en vir Abhishek se vader gevra om vir hulle te bid. Die bure het altyd vir Abhishek en sy familie gespot omdat hulle Christene aws. Maar hulle houding het verander. Hulle het goeie vriende geword, en wou hulle harte aan Jesus gee.

Abhishek is dankbaar teenoor God vir goeie gesondheid. Hy is bly dat God gebed beantwoord, en hy is bly dat God sy siekte kon gebruik om die bure van Hom te leer. Hy wil 'n sendeling word net soos sy vader.

"Nadat ek my studies voltooi het, wil ek vir God werk," het hy gesê. "Ek wil my storie met almal deel wat nie vir Christus ken nie."

Deel van hierdie kawrtaal se Dertiende Sabbat Offergawe sal help om 'n nuwe koshuis by Abhishek se skool, Varanasi Sewendedag-Adventise Skool, op te rig sodat meer kinders van Jesus kan leer.

Deur Andrew McChesney





INDIË | 19 Desember

# 'n Soet Pyn

Marilyn Kamei, 16

Marilyn het by 'n Sewendedag-Adventiste skool gestudeer en daarom het sy nooit enige probleme gehad om die Sabbat te hou nie.

Sy moes egter haar finale eksamens by 'n regeringsentrum weg van die kampus aflê. Toe sy gegaan het om vir die eksamens te registreer, het sy uitgevind dat een eksamen slegs op Sabbat afgelê kon word.

Marilyn het nie geweet wat om te doen nie.

'n Simpatieke onderwyseres by die regering eksamensentrum het 'n oplossing gehad. Sy het voorgestel dat Marilyn die kerk vir 'n paar minute op Sabbatoggend verlaat en na die regering eksamensentrum kom. Sy kon haar naam op die eksamenvraestel skryf en dan teruggaan kerktoe.

"Die eksamen is opsioneel, so jy kan dit druip sonder om in die moeilikheid te kom," het die onderwyseres gesê. "Maar jy moet dit aflê. So kom net, skryf jou naam, en gaan terug kerktoe."

Die idee was 'n versoeking. Marilyn moes die eksamen aflê om na die volgende graad te vorder. Maar sy het nie goed gevoel daaroor om op Sabbat na die eksamensentrum te kom net om haar naam te skryf nie.

"Daar is geen verskil tussen om die eksamen op Sabbat af te lê en om op Sabbat na die eksamensentrum te gaan en my naam te skryf nie," het Marilyn gesê. "Selfs al druip ek hierdie jaar my graad, ek sal aanhou om die Sabbat te hou."

Marilyn het al die ander eksamens afgelê en goeie punte gekry. Maar sy het die eksamen op Sabbat oorgeslaan. As gevolg daarvan het sy nie haar graad geslaag nie. Sy sou dieselfde graad die volgende skooljaar moes herhaal.

Vader was bly dat Marilyn gekies het om getrou aan God en Sy Sabbat te wees. Hy het geweet hoe sy gevoel het. Baie jare gelede, toe hy in die skool was, moes hy ook 'n graad herhaal omdat hy geweier het om 'n finale eksamen op Sabbat af te lê. Hy was egter bekommerd dat Marilyn die volgende jaar dieselfde Sabbatprobleem sou hê.

Vader het Marilyn na 'n stil plekkie geneem om met haar te praat. Hy het haar herinner dat hy 'n graad moes herhaal as gevolg van 'n Sabbat eksamen. "God is lief vir jou, en Hy het 'n onbeperkte vermoë

om sy kinders te help." Het Vader gesê.

Marilyn het haar Vader se hand vasgehou terwyl hy gepraat het. Toe was dit haar beurt om te praat.

"Pappa, moenie bekommerd wees nie," het sy gesê. "Verlede nag het ek God gedank vir hierdie ervaring."

Haar woorde het haar Vader verbaas.

Sy het voortgegaan.

"Toe ek klein was het ek die sending- verhale gehoor van seuns en dogters wat deur moeilike tye moes gaan omdat hulle die Sabbat nie wou verbreek nie," het sy gesê. "Ek het hulle bewonder. Nou het God my 'n geleentheid gegee, nie slegs om hulle besluite te bewonder nie, maar om dit persoonlik te ondervind. Dit is 'n soet pyn."

Vader kon nie langer stilbly nie.

"Marilyn, hierdie verlies is 'n wins," het hy gesê.

Sy het haar kop geknik.

"Ek het meer vreugde as teleurstelling," het sy gesê. "Dankie, Pappa, dat u vir my die belangrikheid van God se Sabbat gewys het."

Vader en Marilyn het gekniel om God saam te dank. Hulle het geglo dat die ondervinding 'n geskenk van God was.

Vanjaar herhaal Marilyn dieselfde graad. Sy is nie bekommerd oor wat met haar finale eskamens sal gebeur nie. Al wat sy wil hê, is om God te gehoorsaam, en sy glo dat Hy die res sal doen.

## Storie Wenke

- Vind Dimapur, Indië, op die kaart
- Vra die kinders waarom Marilyn en Vader die ondervinding gesien het as "'n soet pyn." ('n Moontlike antwoord is dat die ondervinding Marilyn 'n kans gegee het om haar liefde vir God te wys deur getrou te wees.) U kan die situasie soos volg aan die kinders verduidelik: Vra die kinders hoe hulle hulle liefde vir hulle ouers wys. (Moontlike antwoorde sluit in om drukkies en soentjies te gee, takies te doen, geskenke te gee, en om gehoorsaam te wees.) Vra hoe die kinders hulle liefde vir Jesus kan wys. Jesus antwoord die vraag in Johannes 14:15: "As julle My liefhet, bewaar My gebooie."
- Weet dat die storie se skrywer Marilyn se vader, Dhormo Kamei, die leier van die Adventiste Kerk in Indië se Nagaland staat, is wat Dimapur insluit.
- Laai foto's af op Facebook (bit.ly/fb-mq).

Drie jaar gelede het die Dertiende Sabbat Offergawe gehelp om 'n seuns- en meisieskoshuis by Marilyn se skool, Nagaland Adventiste Skool, in Dimapur, Indië, op te rig. Dankie dat u help om die skool uit te brei sodat meer kinders van God en Sy Sabbat kan leer.

Deur Dhormo Kamei

Nagaland is die valk hoofstad van die wêreld.
In November 2013, het 'n internasionale span ornitoloë meer as 1 miljoen Amur valke getel wat 'n nag slaapplek binnegekom het naby Wokha in Nagaland.







13de SABBAT | 26 Desember

Hangbe Poireng, 16

# Breek ‘n Slegte Gewoonte

Hangbe Poireng het begin rook toe hy 12 jaar oud was.

Hy het sy eerste sigaret probeer terwyl hy die somervakansie in sy tuisdorp in noordwes Indië geniet het.

Die dorpie was bo in die berge en die weer was koud, selfs al was dit somer. Hangbe het ‘n warm trui gedra en hy en ‘n 18-jarige vriend, Luikelung, het in ‘n verlate hut gekuier, en oor niks gepraat nie.

Luikelung het ‘n sigaret aangesteek.

“Probeer dit,” het Luikelung gesê en die aangesteekte sigaret uitgehou. “Om te rook, hou jou warm.”

Sonder om te aarsel het Hangbe die sigaret by sy vriend geneem. Hy het nog nooit gerook nie, en hy het nie geweet hoe om te rook nie. Die rook het aaklig geproe, en hy het gehoes.

Hy wou nie rook nie, en hy het die sigaret teruggegee aan sy vriend. Luikelung het dit sonder ‘n woord geneem.

‘n Week later, het Hangbe saam met vyf vriende gaan piekniek hou. Toe hulle by ‘n veld naby ‘n rivier kom, het die vriende gaan sit en begin om te rook. Hangbe het rondgekyk en gesien dat almal gerook het. Hy het uitgelaat gevoel. Hy het die aaklige smaak van die sigaret rook onthou, maar hy wou deel van die groep wees. Hy het vir ‘n sigaret gevra.

Maar hierdie keer het Hangbe besluit om slim te wees. Hy wou nie hoes en dom lyk nie. So hy het gemaak asof hy rook sonder om die rook in sy longe in te trek. Dit het gelyk asof niemand agtergekom het dat hy net voorgee nie. Hy het gelukkig gevoel om deel van die groep te wees.

Hangbe het by ander ontmoetings met sy vriende gemaak of hy rook. Sommer gou het hy nie meer voorgegee nie. Hy het gevind dat dit maklik was om te rook.

Nadat die somervakansie geëindig het, het Hangbe na Dimapur gegaan om by sy suster te woon en by ‘n Sewendedag-Adventiste skool te studeer.

Hy het nuwe vriende gemaak wat nie na die Adventiste skool gegaan het nie. Daardie vriende het gerook en hy het by hulle aangesluit. Hy wou deel van die groep wees.

Maar by die skool het hy gehoor dat rook sleg was vir sy gesondheid. Hy het daaroor gedink om op te hou, maar hy was verslaaf. Hy het elke keer wat hy probeer het om op te hou rook siek en senuweeagtig gevoel.

Hangbe het geld nodig gehad om te rook. Sy vriende kon nie die hele tyd vir hom gratis sigarette gee nie. Hy het dus wanneer sy suster vir hom geld vir kos by die skool gegee het, dit in plaas daarvan op sigarette gespandeer. Hangbe het ook begin om meer tyd saam met sy vriende deur te bring en het opgehou om sy huiswerk te doen. Terug in die dorpie, het sy ouers uitgevind dat hy swak doen in die skool. Hulle het besluit om hom te stuur om in die koshuis by die Adventiste skool te bly, hopende dat die seuns se koshuisvader hom sou aanmoedig om sy huiswerk te doen.

Hangbe wou nie in die koshuis bly nie, maar hy het geen keuse gehad nie. Nou het hy 'n probleem gehad. Hy kon nie by die skool rook nie, maar hy kon nie ophou nie. Hy het besluit om koutabak te koop en nog steeds die geld wat sy suster vir kos gegee het, gebruik.

Hy het nie vir lank tabak gekou nie. 'n Vriend het hom uitgevang en hom by die onderwyser verkla. Die seuns se koshuisvader het hom na sy kantoor geroep.

"Wanneer jy ookal verlei word om te rook of om ander slegte dinge te doen, kan jy tot God bid," het die koshuisvader gesê. "Jy kan ook na my kom en ek sal probeer om jou te help."

Die koshuisvader het saam met hom gebid.

Hangbe het van die gebed gehou en besluit om op sy eie te probeer. Hy was moeg daarvan om deur sy verslawing aan tabak beheer te word. Hy was ook honger. Hy het so baie van sy kosgeld op tabak spandeer.

Die volgende keer wat hy wou rook, het hy gebid, "Liewe God, help my asseblief om hierdie versoeking om te rook te oorwin."

Hy het hierdie gebed herhaal elke keer wanneer hy wou rook.

"Liewe God, help my asseblief om hierdie versoeking om te rook, te oorwin," het hy gesê.

Hy het in sy koshuiskamer gebid.

## Storie wenke

- Vind Dimapur op die kaart.
- Spreek Hangbe uit as: HANG-bea.
- Spreek Luikelung uit as: LUKE-e-loong.
- Laai foto's af op Facebook (bit.ly/fb-mq).
- Laai sendingnuus en kort feite oor Indië af by: bit.ly/SUD-2020.

## Voor 13de Sabbat

- Stuur 'n nota huistoe om ouers te herinner aan die program en om die kinders aan te moedig om hulle Dertiende Sabbat Offergawe op 26 Desember te bring. Herinner almal dat hulle sendingoffergawe geskenke is om God se Woord dwarsdeur die wêreld te versprei, en dat een-vierde van ons Dertiende Sabbat Offergawe direk sal gaan om 11 projekte in die Suider Asië Divisie te help. Die projekte word op bladsy 3 genoem en op die agterblad.
- Die vertellerhoef nie die storie te memoriseer nie, maar hy of sy moet die materiaal goed genoeg ken sodat dit nie gelees hoef te word nie. Alternatiewelik, kan kinders die storie uitbeeld en die rolle van Hangbe, Luikelung, en die koshuisvader speel.
- Voor of na die storie, gebruik 'n kaart om Indië te wys, wat die Dertiende Sabbat Offergawe sal ontvang. Beskryf kortliks hoe elke plek sal baat deur die offergawe.

Somtyds het hy met die trappe opgeklim na die dak van die seunskoshuis om te bid. Ander kere het hy die koshuisvader gevra om vir hom te bid.

Drie maande het nou verbygegaan sedert Hangbe laas tabak gebruik het. Hy word nog elke dag versoek, en hy wens dat hy nooit die vuil gewoonte aangeleer het nie. Maar hy is bly dat God hom oomblik vir oomblik krag gee om die versoeking om sy liggaam en verstand te besoedel, te weerstaan.

Hy wil ander kinders waarsku om nie eers eenkeer te rook nie.

"Jy mag dink dat jy gelukkig is wanneer jy rook," het hy gesê. "Maar ware geluk kom deur die Bybel te lees en te bid." □

Deel van 'n Dertiende Sabbat Offergawe drie jaar gelede, het gehelp om die seunskoshuis te bou waar Hangbe woon by die Sewendedag-Adventiste Skool in Dimapur, Indië. Die offergawe het ook gehelp om 'n meisieskoshuis op te rig. Hangbe is dankbaar vir die nuwe koshuis want dit is die plek waar God hom die krag gegee het om op te hou om tabak te gebruik.

Net soos wat seuns en dogters dwarsdeur die wêreld drie jaar gelede offergawes gegee het om Hangbe se skool te help om die seuns- en meisieskoshuise te bou, kan jy vandag die kinders by ander skole in Indië help met jou Dertiende Sabbat Offergawe. Dankie dat jy 'n mildelike Dertiende Sabbat Offergawe sal gee!

*Deur Andrew McChesney*




*Hangbe Poireng wys die plek op die dak van die seunskoshuis by die Sewendedag-Adventiste Skool in Dimapur, Indië, waar hy tot God gebid het vir hulp om sy verslawing aan tabak te oorwin..*

# Toekomstige Dertiende Sabbat Projekte

Die Dertiende Sabbat Offergawe volgende kwartaal sal die Euro-Asië Divisie help om:


- 'n Twee-verdieping voorskool, laerskool, en hoërskool gebou op die kampus van Zaoksky Adventiste Universiteit in Tula streek, Rusland, op te rig.
- 'n Drie-verdieping voorskool, laerskool, en hoërskool gebou op die kampus van Ukraine Adventiste Sentrum van Hoër Onderwys in Bucha, Ukraine, op te rig.

# Kleur Die Vlag In



## BHOETAN


**AANWYSINGS:**
Kleur die boonste linkerkantse helfte geel in en die onderste regterkantse helfte oranje. Die draak in die middel is wit.



## INDIË

**AANWYSINGS:**
Kleur die boonste derde oranje in, los die middel wit, en kleur die onderste derde groen in. Die spinwiel in die middel is blou.


# Kleur Die Vlag In



## MALEDIVE

**AANWYSIGNS:**

Kleur die middelste reghoek groen in, los die halfmaan wit. Die buiekant van die vlag is rooi.



## NEPAL

**AANWYSINGS:**

Die vlag van Nepal is twee bymekaar gevoegde vlaggies. Kleur die hoofdeel van die vlag rooi en los die figure wit. Kleur die rand donker-blou in.

# Kom ons Kook!

## VEGETARIESE TIKKA MASALA
(INDIË)

### BESTANDDELE

14 onse (400 g) stywe of ekstra stywe tofu (goed vasgedruk)

MARINADE:
- 4 onse (120 ml) gewone joghurt
- 1 eetlepel (15 ml) olie
- 1 eetlepel(15 ml) suurlemoensap
- ½ teelepel (2.5 ml) borrie
- ½ teelepel (2.5 ml) garam masala
- ½ teelepel (2.5 ml) poeier
- ½ teelepel (2.5 ml) sout

TIKKA SOUS:
- 1 eetlepel (15 ml) olie
- 1 14 onse (400 ml) blikkie fyn tamaties (moenie dreineer nie)
- ½ teelepel (2.5 ml) komyn
- ½ teelepel (2.5 ml) paprika
- 4 onse (120 ml) gewone joghurt

*(Soja joghurt kan gebruik word om hierdie resep vegan te maak)*

Versiering (opsioneel): Vars gekapte koljanderblare

### INSTRUKSIES

MAAK DIE MARINADE

Klop in 'n klein bakkie die bestanddele saam totdat dit goed gemeng is. Sit dit eenkant.

BEREI DIE TOFU VOOR

Sny die saamgedrukte tofu in byt-grootte blokkies en rangskik hulle in 'n wye vlak pan in 'n enkel laag, en bedek met die marinade. Laat die tofu vir ten minste een uur in die yskas marineer.

Bak tofu teen 175 C (350 F) vir ongeveer 30 minute en draai dit een- of tweekeer om.

MAAK DIE TIKKA SOUS

Verhit 15 ml (1 eetlepel) olie in 'n groot braaipan. Voeg tamaties, komyn, paprika en die oorblywende joghurt by. Indien u ekstra marinade van die tofu het, kan u dit ook nou by die sousmengsel voeg. Verhit totdat die sous goed gemeng en effens dik is, ongeveer 8 minute.

Voeg tofu by, roer net totdat dit dwarsdeur warm is en die tofu goed bedek is met die tikka masala sous. Dien onmiddellik op met gestoomde wit rys of basmati rys.

*Hierdie resep is aangepas uit The Spruce Eats en kan gevind word by bit.ly/SpruceTikka.*

# Kom ons Speel!

## SLANGETJIES EN LEERTJIES

(INDIË)

### MAAK DIE SPELETJIEBORD

#### WAT U NODIG SAL HÊ

‘n Groot stuk papier of karton
‘n Liniaal
‘n Potlood
Gekleurde penne/potlode (opsioneel)
Uitveër (opsioneel)
6-kantige dobbelsteen
Gekleurde tellers

### SPELETJIE INISTRUKSIES

Besluit eerstens hoeveel vierkantige blokkies op die bord gaan wees. Die maklikste manier is om10x10 of 5x5 vierkantige raamwerke te maak. Meet u papier, en verdeel die aantal vierkante wat u in elke rigting wil hê om te ontdek hoe groot hulle moet wees. Merk dan waar die lyne langs die bokant en een kant van u papier sal wees. Gebruik die liniaal om die roosterlyne met ‘n potlood te teken.

Nommer die vierkante. Maak die nommers klein, maar leesbaar. Noem die eerste vierkant aan die onderkant links “Begin,” en nommer die vierkante agtertoe en vorentoe regoor en op met die rooster, en eindig by die boonste linkerkant, “Tuis.”

Nou moet jy jou slangetjies en leertjies daarop teken. Probeer om hulle regverdig en eweredig rondom die bord te verdeel en maak hulle verskillende lengtes. Maak seker die koppe van die slange wys opwaarts en die sterte afwaarts.

Indien jy kleurpenne of potlode het, gaan oor die potloodlyne om hulle donkerder te maak en kleur dan die vierkante en slange kleurvol volgens jou smaak. Maar slegs selfs ‘n eenvoudige, nie-ingekleurde bord kan pret wees!

Indien u wil, kan u dan die oorspronklike potloodlyne uitvee.

#### HOE OM TE SPEEL

1. Elke speler plaas hulle teller op “Begin.”
2. Neem dit in beurte en rol die dobbelsteen. Beweeg jou teller vorentoe die aantal spasies wat op die dobbelsteen wys.
3. Indien jou teller by die onderkant van ‘n leer land, beweeg na die bokant van die leer.
4. Indien jou teller op die kop van ‘n slang land, moet jy afgly na die onderkant van die slang.
5. Die eerste speler wat die laaste spasie “Tuis” bereik, is die wenner.

*‘n Beeld van ‘n ou, hand-getekende Indiese Slangetjies en Leertjies Bord kan aanlyn hier gevind word:* bit.ly/India-2020-game.

# Leiers Se Hulpbronne

Maak seker om u gratis Mission Spotlight video af te laai, wat die videoverslae bevat van dwarsdeur die Suider Asië Divisie en verder. Laai af of stroom van die Adventist Mission webtuiste by bit.ly/missionspotlight. 'n Drukbare sendingbank beeld, wat die kinders kan inkleur, kan afgelaai word by bit.ly/bank-coloring-page.

**Aanlyn Inligting**

Hieronder volg ons hulpbron inligting wat nuttig sal wees in die voorbereiding vir die sendingsegment van Sabbatskool. Vir meer inligting oor die kulture en geskiedenis van die lande wat in hierdie sendingblad genoem word, besoek:

**Webtuisters**

| | |
|---|---|
| Bhutan: government website | bit.ly/BhutGov |
| Lonely Planet | bit.ly/LPBhutan |
| India: government website | bit.ly/GovIndia |
| Adventure in You | bit.ly/AIYIndia |
| Maldives: government website | bit.ly/MaldGov |
| US News and World Report | bit.ly/USNMaldives |
| Nepal: government website | bit.ly/NepalGovt |
| Welcome Nepal | bit.ly/WelcomeNepal |

**Sewendedag-Adventiste**

| | |
|---|---|
| Suider Asië Divisie | bit.ly/SDASUD |
| Noord-Oos Indië Unie | bit.ly/SDANEIU |
| Suid-Oos Indië Unie | bit.ly/SDASEIU |

'n Offergawedoel hulpmiddel sal help om die aandag te fokus op wêreldsending en om weeklikse bydraes vir sending te verhoog. Bepaal 'n doel vir u klas se weeklikse sendingoffergawe. Vermenigvuldig dit met 14, om 'n dubbele doel vir die Dertiende Sabbat Offergawe te bepaal.

Herinner u Sabbatskoollede dat hulle gereelde sendingoffergawes sal help met die sendingwerk van die wêreldkerk en dat 'n kwart van die Dertiende Sabbat Offergawe direk sal gaan na die projekte in die Suider Asië Divisie. Op die twaalfde Sabbat, rapporteer oor sendingoffergawes wat gedurende die kwartaal gegee was. Moedig lidmate aan om hulle normale sendingoffergawe te verdubbel of te verdriedubbel op Dertiende Sabbat. Tel die offergawe en hou rekord van die bedrag wat aan die einde van Sabbatskool gegee is.

Bybeltekse geneem uit Die Bybel (Afrikaans) 1933/1953 uitgawe.

ADVENTIST MISSION

HOOFARTIKEL

Andrew McChesney Redakteur
Wendy Trim Redaksionele Assistent
Emily Harding Uitleg Redakteur

KANTOOR VAN ADVENTIST MISSION

Gary Krause Direkteur
Rick Kajiura Kommunikasiedirekteur
Homer Trecartin Studiesentrums Direkteur
Jeff Scoggins Programdirekteur

KOMMUNIKASIE

Andrew McChesney Redalteir. Semdomg
Laurie Falvo Projekbestuurder
Kayla Ewert Projekbestuurder
Ricky Oliveras Videovervaardiger
Earley Simon Videovervaardiger
Donna Rodill Redaksionele Assistent

Dank aan die volgende organiseerders en vertalers:: Dhormo Kamei, Surinder Lall, Hidayat Masih, Samson Gulam Masih, Barkat Massey, Pradeep Singh, and S.T. Solomon.

Webtuiste: AdventistMission.org

*Mission*(ISSN 0190-4108) iword geproduseer en gekopiereg © 2020 deur die Kantoor van Adventiste Sending, Wêreldkonferensie van Sewende-dag Adventiste, 12501 Old Columbia Pike, Silver Spring, MD 20904, U.S.A.

Gedruk in V.S.A..

Vierde Kwartaal 2020
Volume 109, Nommer 4

ADVENTIST® en SEVENTH-DAY ADVENTIST® Is die geregistreerde handelsmerk van die Wêreld-konferensie van Sewendedag-Advenntiste ®.

Toestemming verleen om die materiaal kwartaalliks te dupliseer vir gebruik in plaaslike Sabbatskool en kinder-bedieninge proramme. Toestemming om enige gedeelte van die materiaal te produseer vir verkoop, publikasie in 'n ander tydskrif, of ander kommersiële gebruik moet goed-gekeur word deur die redakteru by die bogenoemde adres.

Vir inskrywingsnavrae, epos Rebecca Hilde by rebecca.hilde@pacificpress.com of skakel 1-800-545-2449 of 1-208-465-2527 Jaarlikse inskrywingskoerse per uitgawe, huishoudelik, U.S$7.50; international, U.S$14.50. Norord-Amerikaanse Divisie kerke kan 'n komplimentêre inskrywing ontvang deur die bogenoemde telefoonnommers of eposadresse..

# SUIDELIKE ASIE DIVISIE

**TOTALE:**

**BEVOLKING - 1,402,308,000**

**LIDMAATSKAP - 1,607,719**

**KERKE - 4.529**

**11 PROJEKTE:**

- SEUNSKOSHUIS, GARMAR AKADEMIE
- VYF KLASKAMERS, FLAIZ ADV. KOLLEGE
- KERKGEBOU, AMRITSAR
- KERKGEBOU, RANCHI
- KOSHUIS, VANARASI SDA SKOOL
- SKOOLGEBOU,ROORKEE ADV. KOLLEGE
- SENTRAAL KANNADA & SANAVAGAR KERKE
- 2 KLASKAMERS, AZAM NAGAR SDA SKOOL
- SEUNSKOSHUIS, ED THOMAS MEMORIAL SKOOL
- LAB EN BIBLIOTEEK THIRUMALA SDA SKOOL
- SKOOLGEBOUI, SPICER ADV. UNIVERSITEIT

